DEEL 118 | WEEK 24 | 12 JUNIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Vrees gryp Heilbron na reeks aanvalle op vroue

## *Twee in een week*

Heilbron se strate was die afgelope naweek gevul met kommer en onsekerheid nadat 'n tweede vrou binne enkele dae na bewering deur dieselfde verdagte aangeval is.

Die jongste voorval het Vrydag plaasgevind toe Selma Scheepers by Tony's inkopies gedoen het. Volgens kringtelevisie se beeldmateriaal was Scheepers besig om meel te koop toe 'n vrou, haar glo onverwags van die kant af met 'n vuis in die gesig slaan.

Scheepers het ná die voorval mediese behandeling ontvang en daarna 'n klag by die polisie gelê.

Die aanval volg kort nadat Adele Booysen vroeër die week voor Pep-Home aangeval is. Booysen het die verdagte Saterdag by 'n uitkenningsproses geïdentifiseer, terwyl Scheepers haar Maandag-oggend uitgeken het. Volgens inligting het beide vroue dieselfde persoon as hul aanvaller geïdentifiseer.

Daar word verder beweer dat ander inwoners, waaronder Carika Potgieter, Lizzy Myburgh en Jomaine Basson, ook in die verlede deur dieselfde vrou geteiken is. Potgieter vertel dat die vrou haar glo probeer aanval het, maar dat sy daarin geslaag het om die aanval te ontduik. Die vrou het egter haar voertuig beskadig.

Ná die aanval op Scheepers is die verdagte in hegtenis geneem. Sy het Maandag in die hof verskyn. Sy word tans in Kroonstad aangehou aangesien vroulike verdagtes nie in Heilbron aangehou word nie. Die saak sal volgende week 17 Junie weer dien wanneer die hof onder meer haar moontlike borgtogaansoek sal oorweeg.

Verskeie gerugte doen tans die rondte dat die verdagte moontlik geestelik ongesteld kan wees. Geen amptelike bevinding hieroor is egter nog gemaak nie, en enige psigiatriese evaluasie sal eers deur die toepaslike proses afgehandel moet word.

Die reeks voorvalle het groot debat in die gemeenskap ontketen. Sommige inwoners meen die aanvalle dui op 'n moontlike rassistiese motief, terwyl ander glo dat geestesgesondheid moontlik 'n rol kan speel. Op hierdie stadium is daar egter geen amptelike bevinding wat enige van die twee moontlikhede bevestig nie.

Vir baie inwoners bly die grootste vraag steeds onbeantwoord: Wat lê werklik agter die aanvalle wat Heilbron die afgelope week in rep en roer het?



*Selma Scheepers*



*Adele Booysen*




Lees binne - Bladsy 3

**Nasionale Mampoerkoning**









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Gaan Turkoois vir Bejaardes: Saam teen Ouer Mishandeling




*• Elmarie Els-Hammann*

Engo loods jaarliks die bewusmakingsveldtog "Go Turquoise for the Elderly" om die gemeenskap se aandag te vestig op die regte, veiligheid en waardigheid van ouer persone.

Die veldtog vind vanjaar plaas vanaf 15 Mei tot 15 Junie 2026 en sluit aan by Wêreldbewusmakingsdag vir die Voorkoming van Ouer Mishandeling op 15 Junie. Die doel van die veldtog is om bewustheid te skep oor die uitdagings waarmee baie bejaardes daagliks te kampe het, waaronder fisiese, emosionele en finansiële mishandeling, verwaarlosing, eensaamheid en sosiale isolasie.

**Waarom turkoois?**

Turkoois is die internasionale kleur wat gebruik word om ondersteuning vir ouer persone te simboliseer. Deur turkoois te dra, wys gemeenskapslede hul solidariteit met bejaardes en help hulle om gesprekke oor ouer persone se regte en beskerming aan te moedig.

**'n Groeiende uitdaging**

Namate die aantal ouer persone in Suid-Afrika toeneem, neem die behoefte aan ondersteuning en beskerming ook toe. Baie bejaardes ervaar mishandeling of verwaarlosing in stilte, dikwels deur mense wat hulle behoort te vertrou. Finansiële uitbuiting, emosionele manipulasie en die ontkenning van basiese sorg is van die mees algemene vorme van mishandeling.

Bewusmakingsveldtogte soos hierdie speel 'n belangrike rol om gemeenskappe op te voed, mense aan te moedig om tekens van mishandeling raak te sien en kwesbare ouer persone betyds by te staan.

**Hoe kan die gemeenskap betrokke raak?**

**Lede van die publiek kan op verskeie maniere ondersteuning toon:**

Dra turkoois klere of bykomstighede gedurende die veldtog.

Deel foto's en boodskappe van ondersteuning op sosiale media.

Besoek of bel 'n bejaarde familielid, buurman of vriend.

Raak betrokke by plaaslike ouetehuise en diensorganisasies.

Meld vermoedens van mishandeling of verwaarlosing aan.

**'n Boodskap van hoop**

Elke ouer persoon verdien om veilig, gerespekteer en met waardigheid behandel te word. Die "Go Turquoise for the Elderly"-veldtog herinner ons daaraan dat bejaardes steeds 'n waardevolle rol in ons families en gemeenskappe vervul en dat dit ons almal se verantwoordelikheid is om vir hulle om te gee.

Vir meer inligting oor die veldtog en die werk van Engo, besoek www.engo.co.za.

Kom ons staan saam en gaan turkoois vir ons bejaardes.

# UIT DIE PEN: *Week 24*



Laat ek dit vandag ruitelik erken: my lewe is een van soek. Ek soek daagliks. Ek soek na iets wat ek netnou hier neergesit het en nou weg is. Ek soek na penne. Na dokumente wat ek iewers op my rekenaar gestoor het. Ek soek na die regte adresse en winkels "near me". Na resepte. In my kop soek ek na inligting. Noem 'n ding: ek soek daarna.

Ek soek bitter min na my bril, want ek kan dit nie afhaal en iewers sit nie, anders gaan ek niks kan sien nie. Ja, ek is op daardie ouderdom. My skoonma het gesê dat Koos alomteenwoordig is. Wanneer sy iets op 'n kas sit en dit nie weer daar kry nie, was dit Koos wat dit weggesteek het toe niemand gesien het nie. Iemand moet die skuld kry. In hierdie geval sal dit Koos moet wees.

Op jou dorp besoek jy dieselfde plekke: daar is 'n spesifieke dokter wat na jou liggaamlike welstand omsien. Dan gaan jy gewoonlik na dieselfde apteek (dis nou as daar meer as een apteek in jou omtes is). Dieselfde met die winkel wat kruideniersware te koop aanbied. Gewoonlik ry jy met dieselfde kar wat jy by die garage koop wie jy vertrou. En so kan ek aangaan.

Toe ons Pretoria toe getrek het, en ek moes weer begin soek. Hierdie keer onder andere na 'n haarkapper. In ons Oos-Vrystaatse dorp het ek 'n haarkapper gehad wat vir die afgelope 10 jaar na my kroon omgesien het.

Ek hoor van iemand in Waverley. Ek besoek hulle so paar keer totdat die ontvangsdame vir my sê dat ek nie meer kan bel om 'n afspraak te maak nie. Ek moet nou "Booksy" gebruik. "En as ek nie wil nie?" Maklik mevroutjie, sê sy, dan kan jy nie by ons 'n afsprakie maak nie.

Nou, ja, meisietjie, dink ek, dan sal hierdie ons laaste afsprakie wees.

Toe kry ek vir Hannes. Hannes kon toor met hare. Ons het lekker gesels ook. Net hier moet ek bieg: ek hou nie daarvan om by die haarkapper te gesels nie en ek hou nie daarvan om in 'n vliegtuig te gesels nie. Maar Hannes het gesels sonder dat enige mens voel dat hy of sy gedwing word om terug te gesels nie.

Hannes kry toe 'n wonderlike werk as 'n reisiger vir haarprodukte. Hy doen ook opleiding en hy geniet elke oomblik daarvan. Later het hy sy salon vaarwel geroep en ek moes weer elders gaan soek.

Ek kry vir Leandi. Wanneer jy by die wasbak sit, is dit behandeling hier en haarmasker daar en nog 'n afspoel en weer 'n kopvelstimulant. Ek het later tred verloor met alles wat op my kop was. En dan betaal jy vir elke dingetjie. Ek het nie daarmee 'n probleem nie, maar ek wou dit nie regtig gehad het nie. Ek moes seker harder probeer het.

Moedeloos het ek by Simoné aangekom. 'n Dag voor my gryse ma se begrafnis. Ek wou daardie dag net sit en wéés. Ek wou nie praat nie. Niks nie.

Daar het gospelmusiek in die agtergrond gespeel. Al my gunstelinge soos "Find me at the feet of Jesus" en "Goodness of God". Hulle speel die Priestelike seën. Ek onthou hoe ek dit minder as 'n week gelede vir my gryse ma gesing het toe sy nie meer haar oë oopgemaak het nie.

*Die Here seën jou en bewaar jou*
*Skyn Sy aangesig oor jou,*
*mag Hy genade bewys*
*Die Here draai Sy gesig na jou*
*Mag Hy jou vrede gee.*

Simoné het sag aan my hare begin vat en gemaklik begin gesels. "En hoe gaan dit met jou?" wou sy weet. Seker 'n standaard vraag. Ek het dadelik trane in my oë gekry.

"Ons begrawe môre my gryse ou ma."

Sy vertel my van haar pa en hoe sy hom mis. Van haar ma wat ewe skielik alles alleen moes doen. Ek hoor van haar kinders en hoe dit met hulle gaan. Ons gesels oor die dood en ons geloof en oor ons lewens.

Ek sê altyd dat gelowiges met enige gesprek kan begin, maar iewers in die gesels draai die gesprek na geloof en dit waarin ons glo, waarby ons staan en waarby ons val.

Ek het skoon vergeet dat ek nie daarvan hou om by 'n haarkapper te gesels nie. Eintlik is dit nie heeltemal waar nie. Ek dink ek geniet dit bloot net om na ander mense se stories te luister. Daar is gewoonlik 'n gekwetter van stemme, wat uitstyg bo die geluid van haardroërs. Ek wonder soms of die haarkappers 'n kursus moet volg in kommunikasie, want daar is nooit 'n stil oomblik nie. Ek sou al die gesels geniet het, maar ek dink ek word al hoe meer sku vir simpel geselsies hoe ouer ek word.

Maar nie hier nie. Ek het gemaklik gevoel. Ek is weer verlede week na Simoné toe: die grys hare het oorgeneem. Ek ervaar weer haar gemaklike geselsies en een van die vroue wat die kleur aan my hare kom sit, vertel van haar dogter wat hierdie jaar Cravenweekrugby speel. Voorwaar 'n prestasie omdat sy eers verlede jaar begin rugby speel het.

Hulle gesels sag, sensitief en menslik.

Ek het hierdie week weereens geleer dat daar engele op jou pad kom, en as jy net oop is daarvoor, kan hierdie geselse tot mooi vriendskappe lei.

Maar ek soek nogsteeds: my telefoon wat nou net hier langs my. My genade! Wat het ek met my debietkaart gemaak? Ek het nou net daardie pilletjie in my hande gehou. Waar het ek dit nou neergesit?

Wag, ek gaan vir Koos vra.

# Konstitusionele Hof wys Ngwathe se finale appèl van die hand

NGWATHE. Die lang regsstryd tussen AfriForum en die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het verlede week tot 'n einde gekom nadat die Konstitusionele Hof die munisipaliteit se aansoek om verlof tot appèl met koste van die hand gewys het. Die hof het bevind dat die aansoek geen redelike vooruitsigte op sukses het nie, wat beteken dat die vorige hofbevele nou finaal staan.

Die uitspraak volg op 'n hofsaak wat reeds in 2024 begin het toe AfriForum die Vrystaatse Hooggeregshof genader het oor die ernstige verval van dienslewering, finansiële bestuur en administrasie binne die Ngwathe Munisipaliteit. In Junie 2025 het regter J.P. Daffue beslis dat die munisipaliteit nie sy grondwetlike, wetlike en administratiewe verpligtinge teenoor inwoners nakom nie en beveel dat die provinsiale regering ingevolge Artikel 139 van die Grondwet moet ingryp.

Die hof het onder meer gelas dat die munisipale raad ontbind word, 'n administrateur aangestel word en 'n herstelplan geïmplementeer word om dienslewering en finansiële bestuur te herstel. Die munisipaliteit het egter die beslissing op verskeie vlakke probeer beveg deur appèlle na die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl en uiteindelik die Konstitusionele Hof te neem. Elke poging is van die hand gewys.

Volgens AfriForum verteenwoordig die jongste uitspraak 'n waterskeidingsoorwinning vir aanspreeklikheid, die oppergesag van die reg en gemeenskappe wat onder swak dienslewering gebuk gaan. Die organisasie meen die saak skep 'n belangrike presedent vir soortgelyke sake elders in Suid-Afrika. Met die regsproses nou afgehandel, rus die verantwoordelikheid op die Ngwathe Munisipaliteit en die Vrystaatse Provinsiale Regering om die hofbevel uit te voer. Dit sluit die ontbinding van die munisipale raad, die aanstelling van 'n kurator of administrateur, die implementering van 'n herstelplan en die goedkeuring van 'n tydelike begroting in.

Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier-streek, sê die organisasie sal die implementering van die hofbevel fyn monitor. Sy waarsku dat indien die bevel nie binne die voorgeskrewe tyd nagekom word nie, verdere regstappe, insluitend 'n moontlike minagtingsaansoek, oorweeg kan word.

Die uitspraak bring daarmee 'n einde aan byna twee jaar se litigasie en verskuif die fokus nou na die daadwerklike herstel van dienslewering aan inwoners van Heilbron, Parys, Vredefort, Koppies en Edenville.

# Nasionale Mampoerkoning

Ná dekades se toewyding aan die kuns van mampoerstook is Alwyn Swart van Heilbron op 6 Junie 2026 tydens die jaarlikse Mampoerfees by die Voortrekker-monument as die Algehele Nasionale Mampoerkampioen van Suid-Afrika aangewys. Die gesogte toekenning is namens hom deur sy seun, Nico Swart, ontvang wat saam met sy pa stook.

Vir Swart is die toekenning die hoogtepunt van 'n buitengewone reis wat reeds in 1969 begin het toe hy as jong man met die stook van mampoer begin eksperimenteer het. Sy passie vir die bedryf is egter nog ouer en kom van sy kinderdae af, toe hy sy pa op die familieplaas gehelp het om vrugte te verwerk en mampoer te stook.

In 1983 het Alwyn en sy pa hul name in die geskiedenisboeke geskryf toe hulle van die eerste boere was wat kersiemampoer gestook het. Destyds was dit onwettig en die twee is met 'n boete van R60 beboet. Ironies genoeg is kersiemampoer slegs drie jaar later wettig verklaar vir kampioenskap-inskrywings – 'n besluit wat later gehelp het om een van Suid-Afrika se gewildste mampoerklasse te vestig.

Swart was ook betrokke by die stigting van die Mampoerkultuur-stokersgilde van Suid-Afrika in die vroeë tagtigerjare. Die stigtingsvergadering is op Koperfontein in Groot Marico gehou, 'n gebied wat vandag nog as die "wieg van mampoer" bekend staan. Hy dien sedert 2025 nie meer as voorsitter van die organisasie nie maar is tans die oudste aktiewe lid van die Nasionale Kultuurstokers-vereniging van Suid-Afrika. Sy kleinseun Nicolas-Jacque Swart bou die tradisie voort en neem al vir 3 jaar deel aan die kampioenskap.

Oor die jare het Swart homself gevestig as een van die mees bekroonde mampoerstokers in die land. Volgens berigte het hy reeds 28 van die 30 beskikbare skilde en trofeë in die verskillende kampioenskapsklasse gewen. By die 2026-kampioenskappe het hy weer sy klas bewys deur vyf klaswenners en vier dubbelgoud-toekennings te verower. Sy vrou, Izerka Swart, het ook uitstekend gevaar met twee dubbelgoud-toekennings. Izerka is ook die proemeester agter die skerms van Alwyn se top gehalte mampoer.

Dit is ook nie die eerste keer dat Swart as die land se voorste stoker aangewys word nie. Hy het reeds in 2002 dieselfde nasionale eer ontvang. In 2004 het hy weer die meeste punte van alle deelnemers by die Mampoerfees ingepalm, wat sy volgehoue uitnemendheid bevestig het.



*Op die foto bo Alwyn Swart.*

Die 2026-kampioenskap het sowat 300 inskrywings van regoor Suid-Afrika gelok, met stokers wat in talle klasse meegeding het. Te midde van dié sterk kompetisie het die Heilbronner weereens bo uitgestyg.

Volgens Swart is daar geen geheim tot sukses nie. "Goeie vrugte gee goeie wenners," sê hy. Dit is 'n eenvoudige beginsel wat hom oor byna ses dekades gehelp het om een van Suid-Afrika se grootste name in die stookbedryf te word.

Met sy jongste nasionale titel het Alwyn Swart nie net sy eie nalatenskap versterk nie, maar ook Heilbron se naam weereens trots op die nasionale verhoog laat weerklink.

**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald**

**Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

**Elsstraat 44, Heilbron**

Heilbron Herald












# APK Heilbron Basaar lok groot skare ondanks koue

Die winterkoue kon Heilbronners nie keer om die jaarlikse APK Heilbron-basaar by te woon nie. Gemeenskapslede het vroeg opgedaag om die dag se verrigtinge te geniet, terwyl daar lekker saamgekuier het.

Besoekers kon smul aan heerlike pannekoek, sosaties, ribburgers, kerrie en rys, asook ander lekkernye. Daar was ook verskeie aktiwiteite vir oud en jonk, waaronder 'n watergeweer-oorlogsone, karnavalspeletjies vir kinders, kettie- en skyfskiet, asook 'n uitstalling van ou motors en trekkers.

Die kinders het die dag behoorlik geniet en die gesellige atmosfeer het bygedra tot 'n suksesvolle geleentheid. Die verrigtinge is die aand op 'n nostalgiese noot afgesluit met 'n outydse inryfliekaand vir diegene wat nog langer wou kuier.

Die basaarkomitee het hul dank uitgespreek teenoor almal wat die dag ondersteun en moontlik gemaak het.







## BEDANKING

'n Baie groot dankie aan almal vir boodskappe blomme besoeke hulp en kos tydens Albie se afsterwe. Die Heilbronners was baie spesiaal in sy lewe.
Dankie aan drs Spies en Van Stryp wat vir baie jare by hom betrokke was en Rene se begrafnisdienste vir die reëlings met die begrafnis.
Ds Braam en Marina, julle waarde lê ver bo die van korale en julle het vir ons oneindig baie beteken.

Nogmaals baie dankie almal.

Hendra, kinders en kleinkinders



Ngwathe MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

**PUBLIC PARTICIPATION MEETINGS ON NGWATHE DRAFT BY-LAWS**

The Ngwathe Local Municipality hereby gives notice that Public participation Process will be commencing according to the following schedule, Communities and all key stakeholders of the municipality are encouraged to attend the consultation meeting.

The following are the By-Laws that will be consulted:

- **WATER SUPPLY AND SANITATION SERVICES AND INDUSTRIAL EFFLUENT BY-LAW**
- **ELECTRICITY SUPPLY BY- LAW**
- **DRAFT DISASTER AND RISK MANAGEMENT PLAN**

**COMMUNITY & STAKEHOLDER ENGAGEMENT SESSIONS JUNE 2026**

| DATE | ACTIVITY | VENUE | TIME |
|---|---|---|---|
| 17-Jun-2026 | PUBLIC/STAKEHOLDER CONSULTATION MEETING ON BY -LAWS | HEILBRON MULTI PURPOSE<br>HEILBRON TOWN HALL | 16h00 |
| 18 JUNE 2026 | PUBLIC/STAKEHOLDER CONSULTATION MEETING ON BY -LAWS | KOPPIES KWAKWATSI HALL<br>KOPPIES TOWN HALL | 16H00 |
| 23-Jun-2026 | PUBLIC/STAKEHOLDER CONSULTATION MEETING ON BY -LAWS | EDENVILLE LIBRARY | 16H00 |
| 24 JUNE 2026 | PUBLIC/STAKEHOLDER CONSULTATION MEETING ON BY -LAWS | VREDEFORT MULTI PURPOSE<br>VREDEFORT TOWN HALL | 16H00 |
| 25 JUNE 2026 | PUBLIC/STAKEHOLDER CONSULTATION MEETING ON BY -LAWS | PARYS MASTER NAKEDI MULTI PURPOSE<br>PARYS TOWN HALL | 16H00 |

Dr FP MOTHAMAHA
**MUNICIPAL MANAGER**



# KENNISGEWINGS

Form J193


## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **9191/2025**
Surname: **Roeland**
First Names: **Marinus Johan**
Date of Birth: **1938/04/16**
ID Number: **380416 5025 083**
Last Address: **19 Leahy Street, District Heilbron, Province Free State**
Date of Death: **2025-11-29**
Master's Office: **Bloemfontein**
First Names of Surviving Spouse:
**Hendrina Lucia Sophia**
Surname of Surviving Spouse: **Roeland**
Date of birth of Surviving Spouse: **1939-03-05**
ID Number of Surviving Spouse: **390305 0055 088**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Hendrina Lucia Sophia Roeland**
Address of Executor or Authorised Agent:
**40 Church Street, Heilbron**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name:
**Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/05/27**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on:
**2026/06/13**

## IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN

**Case Number: 2025-203584**
Before the Honourable Judge PJ Loubser
On the 7th of May 2026
In the application of:
**VIRTUAL FARMER RSA (RF) (PTY) LTD**
Applicant
(Registration number: 2021/814747/07)
and
**IZAK DANIEL BOSMAN**
Respondent
(Identity number: 761208 5170 087)

Having considered the documents filed of record and having heard the legal practitioner/s for the parties:
1. The Respondent is placed under provisional sequestration in the hands of the Master of the High Court of South Africa (Free State Division, Bloemfontein);
2. A rule nisi is hereby issued in terms whereof all interested parties are called upon to show cause (if any) on 25 JUNE 2026 why the Respondent should not be finally sequestrated and why the costs of this application and the main application should not form part of the costs of administration of the Respondent's estate;
3. This order is to be served on the Respondent at the Respondent's residential address (which is also his domicilium citandi et executandi) and be published in the Government Gazette and in a daily newspaper published and circulated in Petrus Steyn district;
4. This order is to be served on the offices of the South African Revenue Services;
5. This order is to be served on the employees of the Respondent (if any) by attaching a copy on any notice boards at the principal place of business of the Respondent to which employees have access, or should such employees not have access to such premises, by attaching a copy to the entrance gate alternatively main door of such premises;
6. That the costs of the application are costs in the administration of the Respondent's estate.
**BY ORDER OF THIS COURT**
**COURT REGISTRAR**
**MULLER GONSIOR ATTORNEYS**
**SHOP 59, FIRST FLOOR**
**PRELLER SQUARE SHOPPING CENTRE**
**GRAAFF REINET STREET,**
**DAN PIENAAR, BLOEMFONTEIN, 9301**
**TEL: 051 250 4070**







Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer Nr T 4406/1988**
passed by Estate Late JOHANNA ETRECIA MARAIS, **Estate number: 2418/1887,**
in favour of
**MARIA ELIZABETH HENDRINA SNYMAN, IDENTITY NUMBER: 420725 0053 08 6,**
Married out of Community of Property in respect of THE FARM MIDDENIN 576, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Office of the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 8th day of June 2026
**APPLICANT:**
**VAN DER MERWE & PARTNERS INC.**
**ADDRESS: 47 ELS STREET,**
**PO BOX 58, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: merlaw@phillaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2041**

### LOOKING FOR WORK

Jabulani Maduna is looking for work, with a Code 10 & PrDP license.
For any reference contact pastor Steven at 073 581 0024
**Contact Jabulani at 078 766 5247**







## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die Boedel van **JOHANNES LE ROUX BREDENKAMP,**
Identiteitsnommer 440404 5018 08 2,
Ongetroud in lewe 'n Pensioenaris, woonagtig die plaas Farm louis Rust, Heilbron, 9650
**BOEDELNOMMER : 006579/2025**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47, POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**Verw: PPvdM/ne**

### BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:**
**08:00 - 16:30**
**Saterdae: 09:00 - 12:00**
POSTNET HEILBRON
**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**


# SMALLS DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron




### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

## Heilbron Rolbalklub blink uit by Valsrivier Pare

Die Valsrivier Pare-kampioenskap is die afgelope naweek onder bitter koue toestande beslis, maar dit het nie die Heilbron-rolbalspelers gekeer om uitstekende uitslae te behaal nie.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar is Hannalie Claasen en Sonja Muller as kampioene gekroon en dus wen hulle weereens die goue medaljes. Die duo het deurentyd sterk spel gelewer en hul titel suksesvol verdedig.

Heilbron se dames het verder hul stempel afgedruk toe Elna Steyn en Tracy Jacobs die silwer medaljes verower het. Carien Bosman en Soné Jacobs het ook 'n uitstekende toernooi ervaar en het in die vierde plek geëindig.

Al drie Heilbron-spanne het gekwalifiseer vir die volgende ronde waar die Noord-Vrystaatse kampioene gekroon sal word.

By die manspare was Jurie Jonker en Edward Muller die enigste Heilbron-span wat daarin kon slaag om die laaste vier te bereik. Hulle het hul bronsmedalje verseker nadat hulle 'n ware naelbytstryd met 'n valbylpot gewen het.

Die uitslae is nog 'n bewys van die hoë standaard van rolbal in Heilbron, met verskeie spelers wat nou hul oë op die Noord-Vrystaatse titel gevestig het.



*Edward Muller en Jurie Jonker.*



*Sonja Muller en Hannalie Claassen.*

## Thulani Wen Maandbeker met Knap Vertoning

Verlede Saterdag se Maandbeker by die Heilbron Gholfklub het uitstekende golf opgelewer, met Thulani Malgas wat die dag se eerbewyse opgeraap het. Malgas het besonder bestendige golf gespeel en twee rondtes gelyk aan baansyfer aangeteken, wat hom 'n uitstekende netto telling van 68 besorg het en die oorwinning verseker het.

Willie Matthee het sterk meegeding en was op koers om sy tweede Maandbeker-titel in te palm, maar moes uiteindelik die knie buig voor Malgas se puik vertoning. Matthee het die naaswennerposisie met 'n netto 69 beklee.

Jackie Leonard het ook goeie vorm getoon en derde geëindig met 'n netto telling van 71.

Die baan is tans in uitstekende toestand vir sy winterkleed en spelers word aangemoedig om op Saterdae meer betrokke te raak en die winterkoue met 'n rondte golf te trotseer.

Die volgende klubbyeenkoms is die gewilde Tyremart Gholfdag wat op Saterdag 20 Junie 2026 plaasvind. Afslaan is om 10:00, met die formaat wat as Best Drive / Better Ball gespeel sal word.

Inskrywings beloop R400 per speler, en deelnemers kan ook uitsien na 'n gesellige skaapspit die aand.

Die klub nooi alle lede en besoekers om hierdie dag te ondersteun en saam 'n uitstekende dag van golf, kuier en kameraadskap te geniet.



*Verlede week se Mug wenners vl: Willie Matthee, Thulani Malgas en Jackie Leonard.*


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 15 JUNIE 2026**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 16 JUNIE 2026**
VREDE DISTRIK: SYFERFONTEIN BONSMARA VEILING
11:00, VREDE
Kontak Carel Davel 082 331 1811

ANYSSPRUIT veiling
Kontak Boet-Jan van der Wath 072 626 9242

**WOENSDAG - 17 JUNIE 2026**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM STOET VEILING
11:00, VILJOENSKROON
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

PAUL ROUX: BLOUKRUIN BOERDERY PRODUKSIE VEILING
1400 Beeste
1:00, plaas Bultfontein
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**DONDERDAG - 18 JUNIE 2026**
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

VREDE: WICAR BOVELDER BOERDERY
11:00, plaas Swartfontein
Kontak Carel Davel 082 331 1811

**VRYDAG - 19 JUNIE 2026**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BETHLEHEM: LIBERHOF BRANGUS
11:00, plaas De Hoek
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**SATERDAG, 20 JUNIE 2026**
WITBANK/MIDDELBURG: OOSTELIKE ILE DE FRANCE VEILING
11:00, Rustic Fields Lodge & Venue
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za








Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44, Heilbron



**Vir die stroop van Mielies en Sojas**



**Koos Engelbrecht**
**082 388 2277**



**VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:**

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING